

OOREENKOMS

OBP BEKOM TEGNOLOGIE OM SNOTSIEKTE TE BEKAMP

DIE Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) verwelkom die feit dat Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP) in die nabye toekoms 'n entstof teen snotsiekte gaan produseer.

Die OBP het 'n lisensie-ooreenkoms met die Moredun-instituut in Skotland onderteken om die tegnologie te bekom wat tot die finale ontwikkeling, registrasie en produksie van die entstof teen snotsiekte sal lei.

Die RPO is al jare lank betrokke in die stryd teen snotsiekte en was etlike jare gelede instrumenteel in die aanstelling van 'n ombudsman om geskille oor die oordrag van die siekte tussen veeboere en wildboere te besleg.

Snotsiekte is 'n dodelike siekte wat wêreldwyd voorkom en oor die afgelope dekades tot ernstige verliese in die beesboerderygemeenskap van Suid-Afrika gelei het.

Dit is 'n aanmeldbare en onbehandelbare virussiekte wat by beeste voorkom en meestal deur swart- en blouwildebeeste oorgedra word. In Suid-Afrika veroorsaak die virus sekere stamme van 'n gamma herpesvirus, wat 'n ernstige siekte by beeste is.

Normaalweg word net enkele beeste sporadies aangetas. By beeste is die siekte gewoonlik dodelik, maar enkele diere het al herstel.

Die siekte se verspreiding stem ooreen met die verspreiding van die virus se vernaamste draers, naamlik skape en wildebeeste. In dié diere veroorsaak die virus nie siekte nie.

In die geval van skape word lammers rondom ses tot nege maande deur aërosol-oordraging van ander diere in die trop besmet. Hulle skei die virus aktief af tussen ses en nege maande.

Tien maande neem die afskeiding van die virus af. Volwasse skape skei baie minder virus af as jong diere. Virusoordraging vind weens direkte kontak met neusafscheidings of deur die lug plaas.

Oordrag van skape na beeste is al waarheen oor 70 m, maar by bison tot 5 km. In gunstige toestande kan die virus dus ver deur die lug beweeg. Ooie skei nie virus in plasentaweefsel of afscheidings af nie, dus sien mens nie 'n toename van snotsiekte tydens lamtyd nie.

Daar is wel 'n mate van seisoenaliteit in skaap-geassosieerde snotsiekte, maar dit is meer gekoppel aan gunstige toestande vir die oorlewing van die virus en ouderdoms- verwante afskeidingspatrone by lammers.

In die geval van wildebeeste neem die voorkoms van snotsiekte by beeste toe tydens die wildebeeste se kalftyd. Wildebeeskalwers word tydens geboorte besmet deur ander diere en deur virusoordraging in die baarmoeder. Hulle skei die virus af totdat hulle vier tot ses maande oud is.

Beeste wat binne 'n omtrek van 'n kilometer van die wildebeeste is, sal 'n maand of langer ná blootstelling simptome begin toon.

Snotsiekte word slegs van draers na vatbare diere aangesteek. 'n Siek bees sal nie snotsiekte aan ander beeste oordra nie.

KLINIESE TEKENS

Akute snotsiekte se simptome is eenders, ongeag of die virus van skape of wildebeeste afkomstig is. Die siekte se verloop kan perakuut wees met skielike sterftes in sekere gevalle. As diere 'n paar dae siek is, toon hulle bloederige diarree, bloederige urine en dofheid van die kornea.

Ander tekens sluit slymerige afscheidings uit die neus, seertjies en etterige afskeiding op slymvliese van die bek, boonste asemweë en oë, asook vergrote limfkliere, mankheid en sensusimptome, soos depressie, bewing, verminderde reaksies, dom voorkoms, aggressie of stuiptrekkings in.

By beeste is geswolle limfkliere en ernstige oogletsels meer algemeen. Indien die kornea om die buitekant (sentripetaal) ver dof, is dit 'n sterk aanduiding van snotsiekte.

By diere wat langer leef, word velletsels gesien. Ongeveer 95% van aangetaste diere sterf. Diere wat oorleef, haal selde weer hul produksiepotensiaal.

DIAGNOSE

Die diagnose word gegrond op kliniese tekens, postmortem-letsels en laboratoriumbevestiging. Die ideale toets is polimerasekettingreaksie (PCR) om virale DNS te bepaal. Dit kan ook onderskei of die virus van skaap- of wildebees-oorsprong is. Die beste monsters vir toets is bloed in teenstolmiddel, nierweefsel, dermwand, limfklier en brein.

Duisende beeste vrek jaarliks weens die siekte en dit lei tot groot ekonomiese verliese vir beesboere. Die nood word vererger deur die onaangename aard van die siekte.

Besmette diere ontwikkel akute longontsteking, wat daartoe lei dat hulle moeilik asemhaal en uiteindelik in hul eie slym ver smoor. Beeste met gevorderde gevalle van snotsiekte word dikwels van kant gemaak om verdere lyding te voorkom.

BEHANDELING

Volgens dr. Sello Maboe, tegniese bestuurder van die OBP, is daar tans geen doeltreffende behandeling teen die siekte nie.

Hoewel dit help om beeste tydens hoërisiko-periodes weg te beweeg van wildebeeste af, sal 'n entstof help om 'n lagie van beskerming aan beeskuddes te bied, veral daar waar dit nie prakties moontlik is om diere te skuif nie.

Die beskikbaarheid van 'n doeltreffende entstof sal daarom 'n groot mylpaal ten opsigte van voedselsekerheid en die bekamping van die siekte wees.

Dit sal ook die spanning tussen die beesboerdery- en wildsektore in die land verlig en ruimte vir elkeen skep om 'n bydrae tot Suid-Afrika se ekonomie te lewer.

Dr. George Russell, hoofwetenskaplike van die Moredun-navorsingsinstituut, sê daar word al langer as 15 jaar aan 'n entstof teen snotsiekte gewerk.

Nadat suksesvolle eksperimentele en veldproewe in Brittanje, Suid-Afrika en Kenia onderneem is, het Moredun besluit om die vennootskap met die OBP te onderneem om die entstof te ontwikkel vir gebruik in Afrika.

Die OBP gaan met vennote in die Suid-Afrikaanse veebedryf saamwerk om die tegnologie te verder te ontwikkel en te verbeter in die hoop om 'n snotsiekte-entstof in die land te registreer en beskikbaar te stel. Aangesien daar tans geen ander entstof teen snotsiekte beskikbaar is nie, kan dit aan ander lande in Suid- en Oos-Afrika beskikbaar gestel word, waar die siekte ook voorkom. **LBW**



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY
TEL. 012 349 1102 | E-POS: rpo@lantic.net | WEBWERF: www.rpo.co.za